© 2015 MEDIA24 - ALLE REGTE VOORBEHOU

SKAKELS

- Aktueel (/stemme/aktueel)
- Spotprente (/stemme/spotprente)
- Kommentaar (/stemme/kommentaar)
- Sielsgoed (/stemme/sielsgoed)
- Profiele (/stemme/profiele)
- Vermaak (/vermaak)
  - Musiek (/vermaak/musiek)
  - Boeke (/vermaak/boeke)
  - Flieks (/vermaak/flieks)
  - Teater (/vermaak/teater)
  - Kuns (/vermaak/kuns)
  - TV (/vermaak/tv)
  - Dagboek (/vermaak/dagboek)
- Ontspan (/ontspan)
  - Motors (/ontspan/motors)
  - Naweek (/ontspan/naweek)
  - Jip (/ontspan/jip)
  - Leef (/ontspan/leef)
  - Buitelewe (/ontspan/buite)
  - Kos en Wyn (/ontspan/koswyn)
  - Reis (/ontspan/reis)
  - Gesondheid (/ontspan/gesondheid)
  - Tuine (/ontspan/tuine)
  - Seks (/ontspan/seks)
- Video (/multimedia?type=video)
  - Foto's (/multimedia?type=image)
  - Klank (/multimedia?type=audio)
  - Grafika (/multimedia?type=info)
- E-Koerant (http://www.netwerk24.com/webapp/feed/pressreader/send/go)

(htt orig 09- 06- n- suk we n- teru vir- mo ree 09- 06- n- suk we n- teru vir- mo ree

(htt 09-

**GESONDHEID**

# Ná sukses weer 'n terugslag vir moedige Reef

**Deur Jaco Nel | Sondag 06 September 2015 04:50**



(http://images.redactor.co.za/55eaf5bbaf9bb8e27b0C

Reef Carneson word sewe in September, maar hy is al van sy baba-dae af besig om verwoed teen kanker te baklei.

Net toe dinge vir Reef Carneson (6) begin beter gaan, het daar 'n sweer in sy mond verskyn wat sy ouers van voor af snags laat wakker lê.

Hulle wag tans op toetsuitslae om te sien of dié karbonkel kwaadaardig is.

Die verhaal van Reef se stryd teen terminale siektes duur al vandat hy vyf maande oud is.

komonskliek
DEEL VAN NETWERK24

MANS VROUE



**steynsmith111**
Ek is eerlik, opreg, vriendelik, romanties en liefdevol. Hou van die buitelewe, lekker lag en gesels, fietsry en n movie bly lekker! ek lewe elke dag voluit! sonder enige regrets!

SIEN DIE PROFIEL



**BAH101**
Ek is baie rustige en ontspanne persoon. Twee belangrike begrippe vir my is integriteit en respek. Ek probeer dit nastreef in elke aspek van my lewe. Ware vriendskappe is vir my...

SIEN DIE PROFIEL



**LifeEchoesInETERNITY**
Ek is nie volmaak nie, ek maak foute en vergewe maklik. Ek is nie 'n goeie kok nie. Werk hard, is geseend - meer as wat ek verdien. Ek is eerlik, betroubaar, lojaal,...

SIEN DIE PROFIEL

WYS MEER

SOEK

06- n- suk wee n- teru vir- mo ree

(ma sub 09- 06- n- suk wee n- teru vir- mo ree

Leukemie is toe by hom gediagnoseer en hy moes 'n week voor sy eerste verjaardag 'n beenmurgoorplanting kry.

Sy situasie het vererger weens 'n baie seldsame transplantaat-versus-gasheer-siekte, wat beteken daardie einste beenmurg het sy organe begin aanval.

Die beste behandeling was in Los Angeles, Kalifornië, beskikbaar, en sy ouers is vyf jaar gelede met hom soontoe om dié hulp vir hom te kry.

Maar al die medikasie het sy tol geëis.

In Desember het Reef 'n velkanker op sy kop ontwikkel as gevolg daarvan.

"Dit is 'n seldsame velkanker," sê Lydia Carneson (35), Reef se ma. "Dit kom meestal voor by ou mense wat hul lewe lank tyd in die son deurgebring het."

Reef moes weer van hospitaal verander en die Carnesons moes Cincinnati, Ohio, toe trek vir beter, maar duurder en intensiewer behandeling.

Reef, wat op 17 September sewe word, het twee jaar gelede eers begin loop. Daar groei 'n paar klossies hare op sy kop, maar die res is kaal en daar is ongenaakbare kolle en seerplekke wat die velkanker al afgeskilfer en weggevreet het.

"Die sweer in Reef se mond was vir ons 'n baie groot skok, veral ná die velkanker. Op die oomblik is dit soos 'n seerplek wat net nie wil ophou bloei nie. Dit is baie erg," sê Lydia.

Die Carnesons wag nou op uitslae. Al wat hulle weet, is die dermatoloog is "baie bekommerd".

"Een van twee goed is die werklikheid wat ons hier in die gesig staar. Óf dit is 'n sweer wat nie wil gesond word nie óf dit is 'n soort mondkanker wat gaan veroorsaak dat hy weer van voor af chemoterapie moet kry," sê Lydia.

Reef is sedert 2010 in remissie van leukemie, en dit sal 'n geweldige terugslag wees as hy weer bestraling moet kry.

"Dinge het regtig begin beter raak," sê Lydia. "Hy het nooit reg ontwikkel nie en daar was altyd vertragings terwyl hy besig was om te groei. Vandag kan hy al lees en hy het ook bietjie begin skryf.

"Reef kan al self eet en ons leer hom nou om self klere aan te trek."

Intussen ontvang die Carnesons skenkings van oor die wêreld heen.

Hul jonger dogter, Payten, is nou vier en het al begin kleuterskool toe gaan.

Ryan Carneson (35), Reef se pa, was 'n veearts in Suid-Afrika. Sy kwalifikasie word nie in Amerika erken nie en hy het intussen as bakker gekwalifiseer.

"Daar is soveel mense wat gehelp het om hierdie seuntjie aan die lewe te hou," sê Lydia. " 'n Mens wil oor en oor vir elkeen dankie sê, maar nie eens dít sal genoeg wees nie."